

BLAASPOOTJIES BY STEENVRUGTE

Blaaspootjies, 'n klein insek, kan skade aan steenvrugte berokken wat dit ongeskik vir uitvoer maak.

NEKTARIENS, PERSKES & APPELKOSE

Waarskynlikheid van 'n uitbraak

Blaaspootjieskade is geneig om sporadies te wees. Die volgende aspekte moet oorweeg word wanneer daar besluit word of blaaspootjies in 'n boord gemonitor moet word of nie.

Geskiedenis van blaaspootjieskade in die boord: Indien blaaspootjieskade gedurende die afgelope twee of drie seisoene (of meer) voorgekom het, is die kans goed dat dit weer kan gebeur en behoort blaaspootjies gemonitor te word.

Vatbaarheid van die gewas vir ekonomiese skade: Nektariens is baie vatbaar vir blaaspootjieskade (Fig. 1 - 3), veral gedurende rypwording en kort voor oes wanneer versilwering voorkom. Kultivars en/of vrugsoorte wat later blom, blyk meer geneig te wees tot blaaspootjieskade as sommige van dié wat vroër blom. Dit mag wees omdat die blaaspootjies al tyd gehad het om na die winter op te bou tot skadelike vlakke teen die tyd wat hulle blom. In sommige droër gebiede lyk dit egter of nektariens wat vroër blom groot getalle blaaspootjies aantrek, wat hulle geneig maak tot vroeë skade.

Gunstige weerstoestande vir blaaspootjie uitbrake: Waarnemings oor die afgelope jare dui daarop dat blaaspootjie uitbrake en skade, veral versilwering tydens rypwording, meer dikwels gedurende warm, droë seisoene en in warm, droë gebiede voorkom. Indien warm, droë toestande voorkom, behoort blaaspootjies in boorde met 'n geskiedenis van blaaspootjieskade gemonitor te word.

Monitering

Identifikasie van blaaspootjies

Dit is moeilik om blaaspootjies te identifiseer omdat hulle so besonder klein is. „Western flower thrips“ (WFT), oftewel *Frankliniella occidentalis* veroorsaak skilverruwing en versilwering by perskes en nektariens en soms ook by appelkose. WFT wissel van 'n ligte strooikleur tot oranjebruin met donker fraiings rondom die vlerke (Fig. 4). Die gewone blomplaaspootjie of kromnekblaaspootjie (*F. schultzei*) is feitlik identies aan WFT, maar dit is donkerbruin van kleur met swart fraiings rondom die vlerke (Fig. 5). Dit is tans nie bekend of *F. schultzei* enige skade doen nie – dit is moontlik geassosieer met skilverruwing en versilwering. *Thrips tabaci* („onion thrips“) is ook strooikleurig en kan met WFT verwar word.



Fig. 1
Vreetskade deur blaaspootjies op perskes vroeg in die seisoen (skilverruwing)



Fig. 2
Versilwering by nektariens

alhoewel dit gewoonlik in baie laer getalle voorkom *T. simplex* kan nie met die blote oog van *F. schultzei* onderskei word nie. Dit is nie bekend of hierdie spesies enige skade veroorsaak nie.

Weens hierdie probleme is dit waarskynlik beter om die blaaspootjies wat in die boord gevind word, deur 'n kenner te laat identifiseer voordat besluit word of beheer nodig is of nie. Andersins kan alle ligter gekleurde blaaspootjies wat tydens monitering teenwoordig is, getel word as WFT. Ignoreer alle blaaspootjies wat lyk soos dié in Fig. 7.

Moniteringsmetodes

Blaaspootjies kan met behulp van taai, blou lokvalle wat in die boord gehang word, gemonitor word OF deur blomtrossies, jong loof en vrugte oor 'n wit papier, skinkbord of houer te kap. Lokvalle moet buitekant die lower hang om die beste resultate te verkry.

Wanneer moet monitering begin?

Meeste ekonomiese skade word gedurende die vroeë stadiums van blom, selfs nog voor bloeisels oopmaak, en tydens vrugset gedoen. Monitering behoort ten minste twee weke voor blom te begin en by vrugte waar versilwering kort voor oes nog kan voorkom, behoort dit aan te hou tot oes.

Interpretasie van moniteringsresultate

Daar is tans geen betroubare drumpelwaarde vir blaaspootjiebeheer nie. Tot tyd en wyl word daar bloot op teenwoordigheid/afwesigheid gewerk. Indien blaaspootjies voor blom reeds teenwoordig is in boorde met 'n geskiedenis van blaaspootjieskade, moet beheer oorweeg word. Indien blaaspootjies steeds teenwoordig is wanneer rypwording begin in boorde met 'n geskiedenis van laat blaaspootjieskade, mag beheer nodig wees.

Wanneer behoort beheer toegepas te word

Omdat skade hoofsaaklik tydens blom en vrugset voorkom, behoort beheer met die aanvang van blom toegepas te

word, en selfs net voor die aanvang van blom. Indien toestande gunstig is vir die vinnige opbou van blaaspootjiepopulasies tot hoë vlakke tydens rypwording, is die kans goed dat laat skade (versilwering) sal voorkom.

Bye: Geen bespuitings mag toegedien word een week voordat bye in boorde ingebring word en binne drie dae nadat bye ingebring is nie. Indien tydens blom gespuit word, let op die risiko van die beskikbare middels vir bye.

Beheermaatrëels

- Moenie die deklaag vanaf die aanvang van blom tot en met twee weke na blom spuit, sny of verstuur nie.
- Raadpleeg relevante uitvoerregulasies of die SPT webblad (www.deciduous.co.za) vir inligting rakende die name van produkte wat toelaatbaar is op vrugte wat uitgevoer word en die onderskeie onthoudingsperiodes vir verskillende markte.

Vroeë skade (tydens blom en vrugset)

Produkte geregistreer vir beheer van blaaspootjies op perskes en nektariens:
Hunter (chlorfenapyr) 360 SC teen 35 ml/100 L water.
Tracer (spinosad) 480 SC teen 15 ml/100 L water.
Dicarzol (formetanate) 500 SP teen 35 g + 200 g suiker/100 L water, slegs vir onderdrukking van blaaspootjies.

Let wel: Daar is tans geen produk spesifiek vir blaaspootjiebeheer by appelkose geregistreer nie.

Laat skade (versilwering kort voor oes)

Beheer van blaaspootjies tydens rypwording is tans bykans onmoontlik, weens die lengte van die onthoudingsperiodes van die beskikbare produkte, veral op uitvoervrugte. Tracer kan op vrugte vir die plaaslike mark gebruik word om versilwering kort voor oes te beheer, aangesien die onthoudingsperiode vir die plaaslike mark slegs 7 dae is, in vergelyking met die 35 dae op vrugte bestem vir die EU. Pryse op die plaaslike mark mag egter nie die onkoste regverdig nie.



Fig. 3
Versilwering by perskes




Fig. 4
“Western flower thrips” *Frankliniella occidentalis*

PRUIME

Waarskynlikheid van 'n uitbraak

Blaaspootjieskade is geneig om sporadies te wees. Die volgende aspekte moet oorweeg word wanneer daar besluit word of blaaspootjies in 'n boord gemonitor moet word of nie.

Geskiedenis van blaaspootjieskade in die boord: Indien blaaspootjieskade gedurende die afgelope twee of drie seisoene (of meer) voorgekom het, is die kans goed dat dit weer kan gebeur en behoort blaaspootjies gemonitor te word.

Vatbaarheid van die gewas vir ekonomiese skade: Pruime blyk baie vatbaar te wees vir blaaspootjieskade gedurende blom. Kultivars wat later blom, blyk meer geneig te wees tot blaaspootjieskade as sommige van dié wat vroëer blom. Dit mag wees omdat die blaaspootjies al tyd gehad het om na die winter op te bou tot skadelike vlakke teen die tyd wat hulle blom.

Gunstige weerstoestande vir blaaspootjie uitbrake: Waarnemings oor die afgelope jare dui daarop dat blaaspootjie uitbrake en skade, veral skilverruwing en versilwering tydens rypwording, meer dikwels gedurende warm, droë seisoene en in warm, droë gebiede voorkom. Indien warm, droë toestande voorkom, behoort blaaspootjies in boorde met 'n geskiedenis van blaaspootjieskade gemonitor te word.

Monitering

Identifikasie van blaaspootjies

Dit is moeilik om blaaspootjies te identifiseer omdat hulle so besonder klein is. „Western flower thrips“ (WFT), oftewel *Frankliniella occidentalis* veroorsaak skilverruwing en versilwering soortgelyk as dié by nektariens (Fig. 1 - 3), en soms ook „pansy spot“ (Fig.

6). WFT wissel van 'n ligte strooikleur tot oranje-bruin met donker fraaiings rondom die vlerke (Fig. 4). Die gewone blomplaaspootjie of kromnekblaaspootjie (*F. schultzei*) is feitlik identies aan WFT, maar dit is donkerbruin van kleur met swart fraaiings rondom die vlerke (Fig. 5). Dit is tans nie bekend of *F. schultzei* enige skade doen nie – dit is moontlik geassosieer met skilverruwing en versilwering. *Thrips tabaci* („onion thrips“) is ook strooikleurig en kan met WFT verwar word, alhoewel dit gewoonlik in baie laer getalle voorkom. *T. simplex* kan nie met die blote oog van *F. schultzei* onderskei word nie. Dit is nie bekend of hierdie spesies enige skade veroorsaak nie.

Weens hierdie probleme is dit waarskynlik beter om die blaaspootjies wat in die boord gevind word, deur 'n kenner te laat identifiseer voordat besluit word of beheer nodig is of nie. Andersins kan alle ligter gekleurde blaaspootjies wat tydens monitering teenwoordig is, getel word as WFT. Ignoreer alle blaaspootjies wat lyk soos dié in Fig. 7.

Moniteringsmetodes

Blaaspootjies kan met behulp van taai, blou lokvalle wat in die boord gehang word, gemonitor word OF deur blomtrossies, jong loof en vrugte oor 'n wit papier, skinkbord of houer te kap. Lokvalle moet buitekant die lower hang om die beste resultate te verkry.

Wanneer moet monitering begin?

Meeste ekonomiese skade word gedurende die vroë stadiums van blom, selfs nog voor bloeisels oopmaak, en tydens vrugset gedoen. Monitering behoort ten minste twee weke voor blom te begin en by vrugte waar versilwering kort voor oes nog kan voorkom, behoort dit aan te hou tot oes.

Interpretasie van moniteringsresultate

Daar is tans geen betroubare drumpelwaarde vir blaaspootjiebeheer nie. Tot tyd en wyl word daar bloot op teenwoordigheid/afwesigheid gewerk. Indien



Fig. 5
Blom- of kromnekblaaspootjie *Frankliniella schultzei*




Fig. 6
„Pansy spot“ by pruime weens eierlegging deur „Western flower thrips“

blaaspootjies steeds teenwoordig is wanneer rypwording begin in boorde met 'n geskiedenis van laat blaaspootjieskade, mag beheer nodig wees.

Wanneer behoort beheer toegepas te word

Omdat skade hoofsaaklik tydens blom en vrugset voorkom, behoort beheer met die aanvang van blom toegepas te word, en selfs net voor die aanvang van blom. Indien toestande gunstig is vir die vinnige opbou van blaaspootjiepopulasies tot hoë vlakke tydens rypwording, is die kans goed dat laat skade (versilwering) sal voorkom.

Bye: Geen bespuitings mag toegedien word een week voordat bye in boorde ingebring word en binne drie dae nadat bye ingebring is nie. Indien tydens blom gespuit word, let op die risiko van die beskikbare middels vir bye.

Beheermaatrëels

- Moenie die deklaag vanaf die aanvang van blom tot en met twee weke na blom spuit, sny of versteur nie.
- Raadpleeg relevante uitvoerregulasies of die SPT webblad (www.deciduous.co.za) vir inligting rakende die names van produkte wat toelaatbaar is op vrugte wat uitgevoer word en die onderskeie onthoudingsperiodes vir verskillende markte.

Vroeë skade (tydens blom en vrugset)

Produkte geregistreer vir beheer van blaaspootjies op pruime:

Hunter (chlorfenapyr) 360 SC teen 35 ml/100 L water.

Tracer (spinosad) 480 SC teen 15 ml/100 L water.

Laat skade (versilwering kort voor oes)

Beheer van blaaspootjies tydens rypwording is tans bykans onmoontlik, weens die lengte van die onthoudingsperiodes van die beskikbare produkte, veral op uitvoervrugte. Tracer kan op vrugte vir die plaaslike mark gebruik word om versilwering kort

voor oes te beheer, aangesien die onthoudingsperiode vir die plaaslike mark slegs 7 dae is, in vergelyking met die 35 dae op vrugte bestem vir die EU. Pryse op die plaaslike mark mag egter nie die onkoste regverdig nie.



Fig. 7
Blaaspootjies wat nie vrugte beskadig nie – ignoreer tydens monitering

Vir meer inligting, kontak SPT Navorsing, Stellenbosch
tel: 021 882 8470



Geen gedeelte van hierdie pamflet mag sonder skriftelike toestemming van die SPT geproduseer, in enige vorm, of andersins weergegee word nie. Gepubliseer 2004